**Die Premier se openingsrede by geleentheid van die eerste sitting van die 7de Parlement van die Wes-Kaap: 31 Julie 2024**

Agbare Speaker en Adjunkspeaker,
Agbare lede van die Provinsiale Kabinet,
Agbare lede van die Provinsiale Wetgewer en Leier van die Opposisie,
Lede van die Diplomatieke en Konsulêre Korps,
Burgemeesters van ons munisipaliteite,
Lede van die media,
Vooraanstaande gaste.

Goeiemôre, “good morning”, “molweni” vir julle die inwoners van ons pragtige provinsie.

**Die beskerming en handhawing van ons demokrasie**

Hierdie jaar het ons, soos 2 miljard mense in meer as 50 lande, gaan stem en het ons sodoende ons demokrasie verdedig en verdiep.

Demokrasie is oral in gevaar en is weens ekstremisme, populisme en nasionalisme onder skoot. Baie van ons hier in Suid-Afrika het gevrees dat daardie verderflike stemme sou wen.

Rasionaliteit en verdraagsaamheid het egter geseëvier. Ons het geweld en gevaarlike politiek vermy in die belang van die meerderheid van ons inwoners.

Terwyl ons **ná die algemene verkiesing van 2024 optimisties en hoopvol is** dat 'n ander trajek vir hierdie land moontlik is, is ek diep bekommerd oor die aantal Suid-Afrikaners wat nie gestem het nie. Ons moet almal besin oor hoekom so baie van ons burgers nie 'n reg uitoefen waarvoor talle mense so hard geveg het nie, en wat noodsaaklik is om ons demokrasie te handhaaf.

Van ons geregistreerde kiesersbevolking van 27,7 miljoen mense het net 16,2 miljoen gestem, en ons stempersentasie van stemgeregtigde kiesers het gedaal van ongeveer 86% in 1994 tot 41% in 2024. Eenvoudig gestel, **vier uit 10 stemgeregtigde kiesers het gestem in wat baie mense as die belangrikste verkiesing sedert 1994 bestempel.**

Ons as **openbare verteenwoordigers moet vra hoekom dit die stand van sake is en hoe ons hierdie neiging kan omkeer waar so baie mense verkies om nie te stem nie.** Die Wes-Kaapse Regering moet besin oor hoe ons **maniere kan vind om met ons inwoners te praat en saam te werk sodat hulle weet ons is bewus van hulle behoeftes, dat ons hulle met waardigheid en respek wil behandel** en wil hê dat hulle soos betrokke en aktiewe inwoners van ons provinsie moet voel.

Te veel kere op die verkiesingsveldtog het inwoners vir my gesê: "Wat is die punt daarvan om te stem ... hoekom moet ek my daaraan steur ... dinge gaan nie verander nie." Ek doen 'n beroep op elkeen van ons hier by hierdie wetgewer en in hierdie regering om seker te maak dat ons tydens die volgende termyn aan ons inwoners **demonstreer waarom hulle saak maak en hoe ons deur middel van ons werk hierdie provinsie vir hulle en vir ons toekoms bou**.

Ons retoriek as **openbare verteenwoordigers maak saak**. Dit is ons plig om ruimte vir moeilike gesprekke te skep, om ons inwoners nie verder aan te hits of angstig te maak nie.

Ek het reeds met die Leier van die Amptelike Opposisie vergader en ek sien uit na baie verbintenisse met kollegas in hierdie huis. Ons is almal hier om die inwoners van hierdie provinsie te dien. Ek verwag en verwelkom die lede van hierdie huis wat hierdie regering op 'n respekvolle wyse verantwoordbaar hou.

En hoewel ek diep bekommerd is oor hoeveel burgers gekies het om hulle te onttrek, is ek ook ten volle **toegewyd om nie hierdie kosbare oomblik te laat verbygaan nie**.

Met hierdie nuwe regering van nasionale eenheid (RNE) word ons herinner aan die grondbeginsels van die Suid-Afrika wat in 1994 ook onder 'n groot koalisie gebore is: gelyke geleenthede, inklusiwiteit en veg vir die respek vir die oppergesag van die reg.

Ek onthou wat ons oorlede oud-president, Nelson Mandela, by sy inhuldiging gesê het:

"Ons daaglikse dade as gewone Suid-Afrikaners moet 'n Suid-Afrikaanse werklikheid voortbring wat die mensdom se geloof in geregtigheid sal versterk, sy vertroue in die adel van die menslike siel sal versterk en almal se hoop op 'n skitterende lewe aanmoedig."

**Dankie vir julle vertroue in ons.**

Die inwoners van ons buitengewone provinsie het geloof in ons getoon deur vir ons hul meerderheidstem te gee, en ek aanvaar nie hierdie vertroue as vanselfsprekend nie. Ek sal vir die volgende vyf jaar elke dag nog harder vir ons inwoners werk.

Dankie aan die kiesers en aan hierdie huis vir die eer wat julle my gegee het om **as julle Premier te dien – ek is diep verootmoedig**.

Daar lê formidabele uitdagings voor ons en ons moet dit saam die hoof bied indien ons die mees kwesbares in die samelewing uit hul armoedige omstandighede wil haal, die ekonomie aan die gang wil kry, en Suid-Afrika en hierdie provinsie nou en vir ons toekoms wil opbou.

**Die regering moet VIR JOU werk.**

Ek is dankbaar dat ons nie van voor af begin nie. Ons het die afgelope vyf jaar 'n stewige grondslag van skoon bestuur en goeie dienslewering gebou ten spyte van baie uitdagings,

Ons is gereed om meer te doen!

Die Wes-Kaapse Regering is daartoe verbind om alles te doen wat ons kan om die RNE te help om VIR JULLE die inwoners van ons provinsie suksesvol te wees. Ons moet voortbou op die suksesse wat hierdie regering die afgelope vyf jaar behaal het. Ons sal nou saamwerk met ander regeringsfere. **Ons sal hulle ondersteun wanneer dit in die belang van ons inwoners is en vir ons inwoners veg wanneer ons nie glo dat hulle dit doen nie**.

Ons is verbind tot samewerkende regering, maar ons sal ook die nasionale regering tot verantwoording roep.

**Finansiële volhoubaarheid** gaan oor die volgende vyf jaar 'n kritiese fokus van hierdie regering wees. Ons kan nie meer hospitale en paaie bou, meer onderwysers en dokters in diens neem en ons gemeenskappe dien as ons nie die befondsing kry wat ons inwoners verdien nie.

Verlede jaar is ons in 'n onaanvaarbare posisie geplaas te midde van die 2023 Mediumtermyn-bestedingsraamwerk (MTBR) vanweë die sentraal ooreengekome openbaresektor-loonrekening wat ver bo inflasie was en ver bo waarvoor begroot is.

Ons inwoners is gedwing om **ongekende besnoeiings in die jaar** te verduur, wat begrotings in die gedrang gebring het. Hierdie begrotingsbesnoeiings raak die voorste regeringsdienste soos onderwys, gesondheidsorg en maatskaplike ontwikkeling die meeste. Dit is die kwesbaarste mense in die samelewing wat die impak die skerpste ervaar.

Ons moes daarom 'n interregeringsgeskil (IGD) met die nasionale regering verklaar.

Ons het met hierdie stap bewys dat ons uitdagende kwessies op 'n konstruktiewe wyse aan die Nasionale Regering kan opper.

Die WKR het probeer om die IGD deur te voer en het besef dat dit 'n goed gefasiliteerde proses is wat in **die gees van samewerkende regering** gewortel is. Die IGD het gepoog om duidelike beginsels uit te lê vir hoe toekomstige loonooreenkomste ooreengekom moet word.

Ons was baanbrekers tydens hierdie proses – nie net in die belang van die inwoners van hierdie provinsie nie, maar vir alle provinsies.

Ons het ons daartoe verbind om saam met die Nasionale Tesourie en minister Gondongwana te werk, **maar ons sal nie huiwer om op te tree wanneer ons voel dat die gees van samewerking wat ons bereik het met die oplossing van hierdie dispuut verbreek of gekompromitteer is nie.**

En terwyl ons baanbrekers was tydens die IGD-proses het ek ons nuut aangestelde provinsiale Minister van Finansies baie duidelike instruksies gegee om met die Nasionale Tesourie saam te werk om te verseker dat ons ons billike deel van nasionale befondsing kry. Die huidige stelsel is onregverdig en moet verander.

**Die Wes-Kaapse bevolking groei die vinnigste in Suid-Afrika.**

Op nasionale vlak het ons die derde grootste bevolking, tog kry ons net die **vyfde grootste begrotingstoewysing**.

Dit is nie reg nie en ons gaan **veg vir wat ons inwoners regverdig verdien**.

Gauteng en KwaZulu-Natal ondervind soortgelyke druk, hulle verdien ook hul **billike deel van befondsing** sodat hulle inwoners, soos ons s'n, die dienste kan kry wat hulle nodig het en verdien.

Maar as 'n provinsiale regering moet ons ook **alternatiewe befondsingsgeleenthede** ondersoek, en oor die volgende vyf jaar sal ek hierdie regering aanspreeklik hou om seker te maak dat ons ons inkomstestrome diversifiseer waar ons ook al kan.

Met die uitstekende **rekord van goeie bestuur** wat ons so hard gewerk het om te bereik, bestaan daar soveel geleenthede vir ons **om lenings aan te gaan vir die kritieke mega-beleggings wat ons wil doen**. Dit is iets wat ek in my vorige termyn as 'n taak vir die Provinsiale Tesourie geïdentifiseer het, maar met die ontelbare krisisse wat ons in die gesig gestaar het en die ontwrigting van COVID-19 het ons nie die nodige hulpbronne gebruik om lenings- en

finansieringsgeleenthede na te streef nie. Wanneer ek hierdie kantoor aan die einde van my termyn verlaat, wil ek hê **ons moet die transaksies in plek hê wat ons met ons prestasierekord van aflewering kan doen, om daardie toekomstige beleggings moontlik te maak en ons finansiële volhoubaarheid te verseker**.

**Ons moet voortbou op ons suksesse deur 'n meer toekomsgerigte provinsie te word.**

Om vir die toekoms voorsiening te maak gaan nie net oor fiskale volhoubaarheid nie, dit gaan ook oor die **ontwikkeling van die regte beleid en om te verseker dat dit nou geïmplementeer word**. Ons moet nou beter werk vir die toekoms.

Hierdie regering het geleer om meer behendig en rats te word gegewe die dikwels onvoorspelbare omgewing waarin ons moet funksioneer. Ons het soveel struikelblokke oorkom danksy die toewyding van die 90 000 mense wat vir hierdie regering werk.

Daar word verwag dat die bevolking van die Wes-Kaap teen 2040 10 miljoen mense sal bereik.

Tot 150 000 mense trek jaarliks na hierdie provinsie, grootliks vanweë ons verbintenis tot goeie bestuur en 'n ekonomie waar daar baie werksgeleenthede is.

Maar hierdie bevolkingsgroei kom met aansienlike uitdagings. Dit plaas **groter druk op ons almal** – veral ons begrotings.

Inisiatiewe soos die "Rapid School Build"-program is een so 'n ingryping wat daarop gemik is om tred te hou met die toenemende aantal leerders wat 'n kwaliteit onderwys in die Wes-Kaap soek en die ongelykhede van ons verlede reg te stel.

Hierdie program het oor die afgelope vyf jaar meer as **2 000 nuwe klaskamers in die provinsie gebou, insluitend 48 nuwe klaskamers vir leerders met spesiale behoeftes**, om die jaarlikse toename in leerders te akkommodeer.

Ek was bevoorreg om die terrein van 'n nuwe skool in Lwandle te besoek wat vanweë hierdie program gebou word. Baksteen vir baksteen bou ons waardige plekke van onderrig en leer.

'n Altyd toenemende bevolking en klimaatsverandering plaas ook ons natuurlike hulpbronne, ons infrastruktuur en ons landbousektor onder meer druk.

Die bestuur van kosbare hulpbronne soos water is uiters belangrik, en dit is hoekom ek **watersekuriteit by my eie lys van prioriteite gevoeg het**.

Ons damme is dalk nou propvol, maar ons **kan nie verseker wees van ons watersekuriteit volgende jaar nie**. Ongeveer drie weke voor daardie stortreën in die eerste weke van Julie was ons Minister van Plaaslike Regering en Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning besig om 'n verslag aan ons provinsiale kabinet te voltooi om te beplan vir die implementering van waterbeperkings ná 'n baie droë winter. Dit is die wêreld waarin ons nou leef. Niks is voorspelbaar nie; ons kan niks as vanselfsprekend aanvaar nie.

Ons is al te bekend met die frase "Dag Zero" en ons moet voldoende en dienooreenkomstig beplan om te verseker dat ons provinsie waterbeveilig en veerkragtig is. Ons het belangrike lesse geleer van daardie naelskraapse ontwyking van rampspoed. Dit is hoekom ons die **15-jaar Wes-**

**Kaapse geïntegreerde droogte- en waterbestandheidsplan** implementeer om die vraag en aanbod na hierdie kosbare hulpbron beter te bestuur.

**Doeltreffende en effektiewe reaksie op rampe**

Ons provinsie kan die **aanslag van die klimaatsveranderingskrisis** voel. Dit ontvou voor ons oë.

Verlede week Maandag het die Aarde sy **warmste dag op rekord** gehad, wat die vorige rekord wat 24 uur vroeër opgestel is, geklop het. Dit is gek dat ek terselfdertyd in die media gepraat het van "eende wat op die N1 plas".

Elke jaar sien ons **nog erger brande, swaarder reënval en vloede as ooit tevore**.

Feitlik elke maand vanjaar tot dusver was daar 'n groot ramp: van kwaai brande tot 'n massa-kragonderbreking in die Karoo tot swaar reën en vloede.

In Mei is 30 mense dood en nog dosyne beseer as gevolg van 'n **mensgemaakte ramp**.

Ek onthou duidelik hoe ek by die terrein aangekom het waar 'n hele gebou in George ineengestort het. Die omvang van daardie ramp was hartverskeurend.

Maar binne 'n kwessie van minute en ure het die terrein waar die tragedie gebeur het, gewemel van verskillende rampbestuurbeamptes wat wonderlik saamgewerk het om lewens te red.

Dit was deur hierdie ongelooflike samewerking dat Gabriel Guambe meer as 100 uur ná die ineenstorting uit die puin gehaal is. **Ek kry steeds hoendervleis as ek daardie oomblik op Saterdag 11 Mei onthou toe Gabriel se arm gelig is** terwyl hy uit die puin gehaal is.

Dit was deur die onwrikbare toewyding en professionaliteit van ons rampbeamptes dat Gabriel en soveel ander gered is.

'n Paar van daardie **buitengewone mense is vandag saam met ons en ek wil 'n oomblik afstaan** om erkenning te gee aan hulle en die duisende mense wat tydens elke enkele ramp en noodgeval saam met hulle werk. **Julle is buitengewoon en die toonbeeld van soveel wat hierdie regering na streef om te wees**.

En terwyl ons die baie lewens wat gered is vier, bly my gedagtes by die families van diegene wat omgekom het.

Ons sal alles in ons vermoë doen om te verseker dat diegene wat verantwoordelik is vir hierdie onuitspreeklike tragedie die gevolge van hul nalatigheid dra.

In die lig van elke ramp is ons **bestendige belegging in ons rampbestuurstelsels besig om vrugte te dra**. Oor die jare het ons konsekwent 'n soliede en professionele netwerk van kundiges opgebou wat toegerus is met die hulpbronne wat hulle nodig het om te reageer op watter ramp ook al oor ons pad kom.

Ons Provinsiale Rampbestuursentrum is die middelpunt van ons hele rampbestuurstelsel en koördineer en lei die talle komponente waaruit hierdie noodsaaklike lewensreddende netwerk bestaan.

Ons het opregte waardering vir die spoedige klassifikasie en afkondiging van 'n provinsiale ramp in die nasleep van die verwoesting vanweë die gure weer wat die provinsie vroeër hierdie maand

getref het. Maar ons is steeds die **R1,3 miljard se rampfinansiering verskuldig** van die nasionale regering vir 'n reeks vloede wat in 2023 in die provinsie plaasgevind het, en ek sal hulle **aanspreeklik hou vir die befondsing wat ons nodig het om te herbou**.

Maar ons moet heel **anders as 'n regering begin werk** indien ons 'n toenemend wisselvallige en onstabiele natuurlike omgewing gaan weerstaan.

Ek het die ministers en departemente van Infrastruktuur, Landbou, Plaaslike Regering en Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning gevra om **onmiddellik dringend die infrastruktuur, grond en waterbronne te identifiseer wat kwesbaar kan wees vir vloede en brande in hierdie finansiële jaar**. Ons moet kyk hoe ons hierdie risiko's nou kan versag. Die dorp Citrusdal is reeds twee keer weens oorstromings in die laaste 12 maande afgesny, ons het die gebruik van die N2 by Botrivier een keer verloor en talle paaie moes gesluit word.

Ek ondersteun ook ons Minister van Infrastruktuur in sy verbintenisse met die Nasionale Minister van Menslike Nedersettings om die sentralisering van die **noodbehuisingsbefondsingsmodel te hersien** – dit neem te lank om noodbehuisingverligting aan kwesbare inwoners te kry.

Ek sal ook nou saamwerk met die Premiers van die ander kusprovinsies om te sien hoe ons kan saamwerk om beter benaderings tot die impak van klimaatsverandering op ons inwoners te ontwikkel.

En op medium- en langer termyn moet ons **bewysgebaseerde oorsigte van ons natuurlike, landbou- en geboude omgewings** doen. Ons moet **nou die moeilike besluite en aksies** neem om 'n meer veerkragtige provinsie te bou wat hierdie onvoorspelbare omgewing kan weerstaan.

**Insluiting van innovasie en tegnologie**

Enigiemand wat meer as 'n paar minute saam met my was, weet hoe lief ek tegnologie en innovasie het. En ek is selfs gelukkiger wanneer **tegnologie en die groeiende wêreld van kunsmatige intelligensie ons help om dienslewering te verbeter en die las op ons personeel verminder**.

Innovasie lê vir ons baie na aan ons hart in hierdie regering. Dit stel ons in staat om kwessies te benader, probleme op te los en hoe ons werk op unieke en ongewone maniere te verbeter.

Die gesondheidsektor is die voorloper wanneer ons hierdie nuwe tegnologieë ondersoek. Een voorbeeld is ons gebruik van **robotiese operasies**. Hierdie regering het die afgelope vyf jaar twee chirurgiese robotte gelewer wat meer as **500 prosedures by Tygerberg- en Groote Schuur-hospitaal uitgevoer het**.

Die provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand was onlangs deel van 'n Robotiese Chirurgie-indaba wat by Groote Schuur Hospitaal gehou is waar ons **gesamentlik die belangrike werk wat hierdie innovasie doen om mediese dienste vir ons inwoners te verbeter, kon ten toon stel**.

In ons pogings om misdaad te bekamp en te voorkom, speel tegnologie ook 'n veel meer prominente rol. Verskeie van ons distriksmunisipaliteite het in Februarie **hommeltuie as skenkings**

ontvang om wetstoepassingsagentskappe 'n voorsprong te gee en "oë in die lug" te hê om beamptes by te staan.

En net verlede week het ons die **geïntegreerde bestuurstelsel vir maatskaplike werkers (SWIMS)-aansoek bekendgestel**. Die toepassing poog om die **administratiewe las op ons maatskaplike werkers te verminder** sodat hulle meer van hul energie op die ondersteuning van kwesbare inwoners deur middel van terapeutiese ingrypings kan fokus.

Ons insluiting van innovasie word raakgesien en erken. Verlede maand het ons die gewaardeerde **Staatsdiens-innovasietoekenning by die Verenigde Nasies se staatsdiensforum**, wat in Suid-Korea plaasgevind het, ingepalm waar ons 400 inskrywings van meer as 70 lande geklop het.

**Ons gee erkenning aan JULLE, ons inwoners.**

Hoewel ons sal voortgaan om baie in innovasie en tegnologie te belê, weet ons dat die kern van alles wat ons doen **die skakeling, die gesprek, mense se hande vashou en wys dat ons omgee**, moet wees.

Wanneer ek nadink oor die ontelbare **Eerste Donderdae** wat ons aangebied het en die baie geselsies wat ek met inwoners gehad het, kan ek soms ongelukkig nie al hul probleme oplos nie; maar ons kan hulle **respekteer deur te luister na wat hulle te sê het en hulle die kans gee om aangehoor te word** – net deur te luister en hulle aan te hoor, kan ons vir hulle wys dat hul stem saak maak.

Tegnologie kan en sal nie ons toewyding vervang om seker te maak dat ons in elke ruimte waar ons met ons burgers interaksie het, hulle wys dat ons hulle as mense raaksien en dat ons hul individuele ervarings erken nie. Ek het die Direkteur-Generaal gevra om saam met my kantoor en die verskillende departemente regoor die regering te kyk hoe ons eerstens dit **verder kan verbeter hoe ons personeel met ons inwoners omgaan en tweedens verseker dat die plekke waar ons met hulle in gesprek tree skoon, onderhou en versorg is**. Ek sal voortgaan met my program van onaangekondigde besoeke om te verseker dat ons fasiliteite ons inwoners die beste gee wat ons kan bied. Alhoewel ek weet dat toue soms langer kan wees, dat jou oproep soms 'n bietjie meer tyd kan neem om beantwoord te word, **maak dit 'n bietjie makliker as die plek waar jy wag skoon is en jy waardig voel en dat ons personeel vriendelik en ontvanklik is**.

Die fyner besonderhede moet vir ons as regering saak maak. Ons is trots daarop om kwaliteit openbare dienste aan te bied, en daarom moet ons ook trots wees op hoe ons fasiliteite lyk en funksioneer. En ons is **trots op ons personeel**. Ons het 'n lang pad om te gaan op ons kultuurreis as 'n regering, maar julle, ons Wes-Kaapse Regeringsfamilie, maak saak en dit is een van die vele redes waarom ek so trots op ons **TOPCO-toekenning as 'n Top Werkgewer** is.

Met ons personeel regeer ons **VIR JULLE ons inwoners**.

Ons **inwoners is ons oë en ore** daar buite: Wanneer vandalisme by skole gedurende die vakansie gepleeg word, of 'n staatsvoertuig met klippe bestook word, of 'n maatskaplike werker of 'n ambulans gekaap word, is dit ons **inwoners wat 'n einde daaraan kan maak en**

**verantwoordelikheid kan neem**; want dit is die skool wat jou kind bywoon of staatsvoertuig wat medisyne by jou deur aflewer of jou geliefdes hospitaal toe neem in 'n noodgeval.

Ons inwoners het die **krag van vennootskap getoon wanneer hulle op krisisse reageer**: Hulle lewer komberse en kos af wanneer 'n mede-inwoner hul huis weens 'n brand of 'n vloed verloor; hulle bring oogdruppels en Energade vir ons brandbestryders wat uitgeput is van die stryd teen 'n brand, maar hulle neem ook inisiatief en verf mure in Mitchells Plain wat met graffiti bedek is en help om rommel op ons strande op te tel.

**Ons verbintenis tot ons prioriteite bly onwrikbaar.**

Terwyl ons aan die begin van die 7de administrasie is, sal ons voortgaan om op ons prioriteite te fokus:

- om 'n groeiende, inklusiewe infrastruktuur-geleide ekonomie te bou wat werk skep;
- om ons energie- en watersekerheid uit te bou;
- om veiliger gemeenskappe te skep en wetstoepassingshulpbronne en -besluite te delegeer; en
- om die provinsie se onderwys- en gesondheidsorgstelsels verder te verbeter.

**Werksgeleenthede is die basis om 'n welvarende provinsie te bou**

Ek is passievol oor werkskepping en om meer werk te bemagtig, want met 'n werk word soveel vir ons inwoners ontsluit.

Ons het reeds soveel as regering gedoen om dit vir die privaat sektor makliker te maak om broodnodige werk te skep. Hierdie provinsie het die meeste huishoudings wat hul inkomste uit 'n salaris verkry, op 74,6%.

En ons is vasbeslote om dit so maklik as moontlik vir die privaat sektor te maak om sake te doen en meer werksgeleenthede in ons provinsie te skep.

Ons doen dit deur inisiatiewe soos ons **Rompslompverminderingseenheid** wat dit vir sakebedrywighede makliker maak om op dreef te kom en te groei. Hierdie eenheid se werk het die afgelope vyf jaar 'n besparing van **R2,4 miljard** vir die ekonomie tot gevolg gehad

Klein- en mediumgrootte sakebedrywighede is die enjins van ons ekonomiese groei en werk op die steenkoolvlak van die ekonomie.

Ons **KMMO-versterkerfonds** het meer as **honderde KMMO's gehelp, duisende werkgeleenthede gesteun** en telkens ons gaan nog meer **befondsingsondersteuning in KMMO-sakeontwikkeling oor hierdie termyn bied**.

Die Groei vir Werk (G4J)-strategie – ons oorkoepelende bloudruk vir ekonomiese groei – is reeds een jaar oud, en ons sien bemoedigende uitkomste van hierdie kragtige plan om ekonomiese groei aan te wakker.

Dit het ons op 'n pad geplaas om 'n **sterk, inklusiewe en diverse ekonomie** te bou waar al ons inwoners voordeel trek. Net 'n paar van die prestasies van die werk regoor die regering sluit in:

• 1 684 sakeondernemings is ondersteun;

• 15 304 werksgeleenthede is geskep of gesteun;

• R7,5 miljard se nuwe beleggings is gefasiliteer;

• R2,8 miljard uitvoerverklarings is bereik, waarvan R1 miljard vir uitvoer na Afrika was;

• 28 348 inwoners is gesteun met ten minste 1 ekonomiesegeleentheidspad; en

• 14 gemak-om-sake-te-doen (Ease of Doing Business) -verbeteringsingrypings is gesteun.

Dit is deur volgehoue werk soos hierdie dat ons ons **werkloosheidsyfer onder 20% sal bring**. En terwyl die Wes-Kaap die provinsie is wat die laagste werkloosheidsyfer het, bly dit hardnekkig hoog en vir te veel van ons inwoners stem **die statistieke nie ooreen met hul daaglikse ervaring nie**.

Ons moet seker maak dat die grondslae vir 'n florerende werksomgewing in plek is. Daarom sal ons onvermoeid met die RNE saamwerk om te verseker dat **Operasie Vulindela se planne geïmplementeer word**. Hier in die Wes-Kaap wil ons sien dat dit 'n impak maak ten opsigte van die **verbetering van die lewensvatbaarheid van ons hawe-, vrag- en logistieke netwerke**, want ons moet hierdie ekonomie aan die gang kry.

Alhoewel dit bemoedigend is om meer treine op ons spoorweë te sien, is daar steeds nie naastenby genoeg om goedere na die mark te vervoer nie.

Ek doen 'n beroep op die RNE om **die soeke na private beleggingsgeleenthede vir die hawe van Kaapstad te prioritiseer** want landbou is 'n kritieke ekonomiese bemiddelaar van die provinsie, met meer as 50% van Suid-Afrika se landbou-uitvoere wat van hier af kom.

Om werk in die landbou moontlik te maak, het ons landbou-onderrig en -opleiding aan **2 248 geregistreerde studente verskaf, kort vaardigheidskursusse aan 17 098 begunstigdes aangebied en finansiële ondersteuning aan 539 kwalifiserende studente in die afgelope vyf jaar goedgekeur**.

Ons het ook grondhervormingsinisiatiewe in die provinsie ondersteun: **83% van grondhervormingsboere wat deur hierdie regering ondersteun word, beskou hulself as suksesvolle agri-sakebedrywighede**.

**Die Wes-Kaap is oop vir besigheid: Ons wil meer beleggings lok.**

As ons meer beleggings van beide binne ons provinsie en uit die buiteland wil lok, moet ons beleggers wys dat hul geloof in ons, saam met hul hulpbronne, veilig en lewensvatbaar is.

Vroeër vanjaar het die RMB/BER-sakevertrouensindeks (BCI) getoon dat vertroue in ons provinsie ver bo ander provinsies is.

Die BCI het 'n drie-punt-toename in vertrouensvlakke in die Wes-Kaap van kwartaal 4 van 2023 tot kwartaal 1 van 2024 aangedui, wat **verbeter het van 37 punte tot 40, uit 'n moontlike 100**. Dit was op die rug van opeenvolgende toenames in sakevertroue in die provinsie en die langste volgehoue toename in Wes-Kaapse sakevertroue sedert kwartaal twee van 2018.

Maar ons moet soveel meer doen, want die uitdagings is steeds so streng.

**Infrastruktuurontwikkeling**

Ek het weereens infrastruktuurgeleide ekonomiese groei en werkskepping 'n kernprioriteit van my termyn gemaak.

Ek gaan onvermoeid werk om die **kritieke megaprojekte op die been te bring wat ons nodig het om ons ekonomie in staat te stel om te floreer**. Een van die kritieke stappe is om 'n infrastruktuurpyplyn te skep, want ons weet dat dit tyd neem om hierdie projekte gereed te kry en dan die infrastruktuur gebou te kry.

Ons het die Departement van Infrastruktuur gestig met die uitsluitlike doel om 'n **toekomsvaste provinsie te bou met sy fondamente in innovasie, bemagtiging en integrasie**.

En daar is mense regoor hierdie regering wat kyk hoe ons ons ekonomie deur middel van belegging in infrastruktuur aan die gang kan kry. Daar word byvoorbeeld tans gewerk om 'n plan te dryf wat daartoe kan lei dat hierdie regering R32,12 miljard in vaste bates, katalitiese groeiprojekte en landbou-infrastruktuur belê om 'n geraamde R73 miljard in kapitaalvorming en belegging direk en indirek in ons ekonomie oor die volgende drie jaar te stimuleer. Dit alleen kan 103 000 werksgeleenthede skep, waarvan 61% semi- en ongeskoolde werk kan wees.

Die Wes-Kaap loop voor in die lewering van bekostigbare behuising met die **First Home Finance-program**.

Ons bou huise so vinnig as wat ons kan. Sedert 2019 het ons meer as **43 000 behuisingsgeleenthede** verskaf.

Ons wil die kwesbare inwoners se waardigheid herstel en hierdie regering werk hard om te verseker dat behuisingsbegunstigdes hul titelaktes ontvang, wat die laaste stap is om hul huise amptelik te besit.

Tussen 2019 en 2023 is **17 705 titelaktes** vir nuwe ontwikkelings geregistreer.

Vanaf die oomblik dat 'n ontvanger van 'n huis, gebou deur ons Departement van Infrastruktuur, deur hul voordeur vertrek om werk of skool toe te gaan, sal hulle op 'n pad ry wat waarskynlik deur hierdie regering gebou is.

Ons wil verseker dat inwoners die professionaliteit, denke en sorg ervaar wat ons belê in die bekendstelling van ons noodsaaklike infrastruktuur.

Ek en Tertuis Simmers, Minister van Infrastruktuur, het die **N7-raffinaderywisselaar amptelik in April 2024 geopen. Hierdie R250 miljoen-projek** was die produk van jare se noukeurig beplande harde werk wat daarop gemik was om gemeenskappe met mekaar te verbind.

Hierdie wisselaar is veel meer as net teer, staal en sement. Dit moet ook gesien word as 'n **ekonomiese instaatsteller wat burgers aan ekonomiese geleenthede koppel**. En net hierdie maand het ons 'n belangrike opdatering gelewer oor die **R640 miljoen Malmesbury-verbypad-opgraderings** in die Swartland-streek. Hierdie opgraderings is belangrike komponente van die Strategiese Geïntegreerde Projek 5, onder die Nasionale Infrastruktuurplan 2050. Konstruksie het in Mei 2023 begin en die projek sal na verwagting teen November 2025 voltooi wees.

**Ons gee ons inwoners die vaardighede wat hulle nodig het om voorspoedig te wees.**

Maar ons inwoners, veral ons jeug, het vaardighede nodig om aan infrastruktuurgeleide ekonomiese groei te kan deelneem. **Honderde jongmense** is deur die **Masakh'iSizwe-beursprogram**, wat eie is aan die Wes-Kaap, **ondersteun** om hul drome na te streef om 'n geleentheid te kry om in die infrastruktuurveld by vennoothoëronderwysinstellings te studeer.

Ons YearBeyond-program bly 'n belangrike inisiatief wat steeds werklose jongmense tussen die ouderdomme van 18 en 25 help terwyl hulle hulself vir die arbeidsmark voorberei.

Meer as **10 000 "Yeboneers"** het die afgelope vyf jaar by hierdie program baat gevind.

YearBeyond sien die geweldige potensiaal in jongmense wat 'n sukses van hul lewens wil maak. Dit bied deelnemers die ondersteuning wat hulle nodig het om hul drome in werklikheid te omskep en bevorder toekomstige generasies van leiers.

Die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport was onlangs die gasheer van meer as 1 000 jeugdiges by die YearBeyond-jaarkonferensie. Hierdie konferensie het baie soos ons Dag van 1 000 Geleenthede-inisiatief gedien as 'n **wegspringplek vir jongmense wat hul reis na hul toekomstige loopbane aanpak**.

Die I-CAN-sentrum, geleë in Elsiesrivier, het tot dusver meer as **15 000 vaardigheidsontwikkelingsinisiatiewe** verskaf.

Die Wes-Kaapse Regering se Ervaringsleer-program het sedert 2020 sowat **12 420 jong, werklose Suid-Afrikaners** uit benadeelde agtergronde gehelp om permanente of kontrakwerk in die Wes-Kaap te kry.

Maar die ontnugterende feit bly staan dat veels te veel mense, **veral jong mense, nie kan werk kry nie**. Ons as 'n provinsiale regering moet aksie neem om hulle te wys dat ons ten spyte van hul omstandighede hier is om te help om hulle op te hef en hulle die pad na hul volle potensiaal te wys.

Ons moet dien as die skakel waar werkgewers en werknemers ontmoet en voortgaan om saam te werk. Programme soos ons **Werksoekers-reisbewys** poog om werksoekers met potensiële werkgewers te verbind. Die loodsinisiatief bied werksoekers gratis reise na onderhoude met Golden Arrow-busse. Die program het raakgesien dat baie jongmense wat werksgeleenthede soek toegang tot vervoer as 'n kritieke struikelblok ervaar.

**Ons beveilig ons energietoekoms.**
Maar ons kan nie ons ekonomie laat groei indien ons nie bekostigbare, koolstofvrye, betroubare energie het nie.

Ons is naby aan vier maande met geen beurtkrag en 'n verbeterde Energiebeskikbaarheidsfaktor (EAF) wat vanuit 'n generasie-perspektief goeie nuus is. In die groter energievoorsieningsbedryf (ESI) word ons egter gekonfronteer met die volgende struikelblokke wat ons kan terugbring na beurtkrag. Ons moet die land se beperkte nasionale transmissienetwerk en verspreidingsnetwerk wat verouder en nie voldoende ontwikkel of onderhou is nie, dringend regmaak.

In die volgende vyf jaar sal ons ons dubbel so hard daarna streef om die **Wes-Kaap energiebestand te maak** deur die privaat sektor te bemagtig om in hernubare energiebronne te belê.

Die impak daarvan om die ekonomie nie te ontkarboniseer nie, is dat goedere wat vir uitvoer vervaardig word met behulp van die bestaande energiemengsel, wat hoofsaaklik op fossielbrandstof gebaseer is, aan 'n koolstofbelasting onderwerp sal word, en die omvang daarvan kan ons uitvoerprodukte onmededingend maak. Dit is dus vir ons van kritieke belang om daarna te streef om **hernubare energie en veral hernubare energie gebaseer in die Wes-Kaap te gebruik**.

Ons is op koers om ten minste **een klein dorpie in die provinsie beurtkrag-vry te maak. Met Riversdal** wil ons wys dat energiesekerheid buite die groot metro's met hul groter begrotings moontlik is.

Ons sal voortgaan om die Minister van Elektrisiteit en Eskom te ondersteun waar hulle dit ook al nodig het, maar ons sal **hulle ook aanspreeklik hou waar hulle nie presteer nie**. Ek was die laaste paar maande net so gefrustreerd soos baie inwoners met die stadige reaksie van Eskom op foute met elektrisiteit, veral ná groot storms. Ek sal aanhou om druk op hulle te sit om te verbeter en hul dienste te verbeter.

**Die Wes-Kaapse Energieveerkragtigheidsprogram het reeds 2 000 MW se nuwe energie** ontwikkel, en in **2023/24 alleen het die provinsie se kragstelsel 743 MW se kapasiteit** toegevoeg.

Ons strewe na 'n energie-veilige toekoms deur meer onafhanklike kragprodusente in die groep te bring, word deur mense soos die Nasionale Energiereguleerder (NERSA) erken.

Volgens NERSA is 39% van die totale beleggingswaarde van nuwegenerasieprojekte, ten bedrae van meer as **R7 miljard, wat van Januarie tot Maart 2024 geregistreer is, hier in die Wes-Kaap**. Dit het tot 'n geïnstalleerde kapasiteit van 213 MW gelei. **Van die 105 nuwegenerasiefasiliteite wat geregistreer is, is een uit vyf (21%) in hierdie provinsie**.

Regoor ons regering doen ons alles in ons vermoë om die impak van beurtkrag op kritieke dienste teen te werk. Van die installering van **energiebesparende ligte by skole, die verspreiding van duisende beurtkrag-verligtingspakke aan kwesbare inwoners en Graad 1- en Graad 12-leerders** in ons skole van laer kwintiel, tot die versekering dat **10 van ons groot hospitale vrygestel is van beurtkrag**, en die bekendstelling van 'n **elektrisiteitsoordrag-gereedskapstel,** het ons hierdie krisis vanuit elke hoek aangepak.

Dit is ook fantasties om te sien hoe sommige van ons projekte, moontlik gemaak deur vennootskappe, help om dienste soos onderrig en leer op koers te hou selfs wanneer die krag af is.

Ek het vroeër vanjaar die **Laerskool Cloesteville in Stellenbosch** besoek, die eerste skool in die land wat 'n Energieprestasiesertifikaat ontvang het nadat Universiteit Stellenbosch en 'n private maatskappy **saamgespan** het om 'n **7.5 kW-sonkrag-PV-stelsel** te installeer. Hierdie skool verseker

nie net dat onderwys ononderbroke aan sy leerders gelewer word nie, maar maak ook 'n verskil aan die omgewing.

Geen sektor van die samelewing was immuun teen die impak van kragonderbrekings nie. Sakebedrywighede, veral KMMO's, het die swaarste gekry. Maar te midde van die ergste van die Eskom-beurtkragkrisis het die Ondersteuningsprogram vir **Alternatiewe Energie ondersteuning aan KMMO's** gebied. Hierdie program het **12 sonkrag-rugsteunstelsels by 12 munisipale KMMO-handelsentrums by sewe munisipaliteite** geïnstalleer, wat insluit: Drakenstein, Stellenbosch, Kaap Aghulhas, Theewaterskloof, Laingsburg, Oudtshoorn en Mosselbaai.

**Ons skep werksgeleenthede deur toerisme.**

Al ons ywer in hierdie regering is uiteindelik daarop gemik om meer werksgeleenthede moontlik te maak. En toerisme bly 'n sleutelbemiddelaar van werk.

Ongeag die seisoen, of dit reën of die son skyn, kies mense steeds ons provinsie as 'n vakansiebestemming. Toeristeaankomste per lug na Kaapstad het 'n **merkwaardige 16%-toename op 'n jaargrondslag tussen Januarie en Maart 2024 getoon en 336 268 besoekers is aangeteken**. Dit toon nie net 'n aansienlike herstel nie, maar oortref ook die 2019-syfer vir dieselfde tydperk.

En sedert September 2022 het ons Cape Town Air Access-projek sewe nuwe lugrederye en sewe nuwe roetes na Kaapstad Internasionale Lughawe gekoop, wat vier nuwe lugrederye en drie nuwe roetes insluit: Lusaka, Eswatini en São Paulo die afgelope jaar.

Vir elke **100 internasionale besoekers kry die Wes-Kaap R2,1 miljoen vanweë direkte toeristebesteding, word R500 000 by ons BBP gevoeg en word twee plaaslike werksgeleenthede geskep**.

En ons provinsie se unieke erfenis speel 'n kritieke rol in ons toerismebedryf. Vrydag het die 46ste sitting van die UNESCO Wêrelderfeniskomitee **Wêrelderfenisstatus vir drie terreine in die Wes-Kaap en KwaZulu-Natal** geproklameer, as deel van die Suid-Afrikaanse nominasie, "The Emergence of Modern Human Behaviour: The Pleistocene Occupation Sites of South Afrika." Die drie terreine is:

• Diepkloof-rotsskuiling naby Elandsbaai in die Wes-Kaap;

• Pinnacle Point-terreinkompleks in Mosselbaai in die Wes-Kaap; en

• Sibhudu-grot in KwaDukuza in KwaZulu-Natal.

Alhoewel hierdie terreine meer besoekers sal lok en ons unieke erfenis vier, verteenwoordig hierdie toekenning ook 'n belangrike mylpaal in ons **kollektiewe reis om die oorsprong van moderne menslike gedrag en ons gedeelde kulturele erfenis te bewaar en te vier**.

**'n Veilige provinsie is 'n welvarende provinsie.**

Vir beide ons besoekers en ons inwoners is veiligheid absoluut noodsaaklik. Ek is baie trots op **ons Wetstoepassingsbevorderingsplan (LEAP) – 'n toonaangewende vennootskap met die Stad Kaapstad**. Sedert sy ontstaan werk ons moedige vroue en mans wat elke dag na van ons ergste misdaadgeteisterde woonbuurte regoor Kaapstad ontplooi word onvermoeid om ander gemeenskapslede veiliger te laat voel.

Gewapen met data, bewyse, tegnologie en toewyding, het ons **LEAP-beamptes meer as 34 000 mense in hegtenis** geneem – en dit styg nog steeds.

Buitekant Kaapstad is ons Provinsiale **Landelike Veiligheidseenhede op patrollie in die Swartland- en Overstrand-munisipaliteite**, met **K9-eenhede in die Swartland-, Overstrand- en Mosselbaai-streke**. Daarbenewens is daar nou 477 geakkrediteerde Buurtwagte in die provinsie, bestaande uit **14 632 patrolleerders**. Hulle is 'n belangrike deel van ons veiligheidsnetwerk.

Om misdaad te beveg het ons voldoende hulpbronne nodig, wat vir my 'n ernstige bekommernis bly. Ons kollegas in die Suid-Afrikaanse Polisiediens in die Wes-Kaap het nie behoorlike hulpbronne nie. Die provinsie se polisie-tot-bevolking-verhouding is ongeveer 1 beampte vir elke 417 inwoners, wat minder as die nasionale verhouding van 1:435 is. Wanneer ons na stasies kyk, toon die syfers 'n ander prentjie. By Cloetesville-polisiestasie is die verhouding 1:1281, in De Doorns is dit 1:988 en in Lwandle is dit 1:958.

Ek is bemoedig dat provinsiale Minister van Polisie-oorsig en Gemeenskapsveiligheid, me. Anroux Marais, vergaderings met **positiewe uitkomste met Wes-Kaapse Polisiekommissaris luitenant-generaal Patekile en die nasionale Minister van Polisie gehad het**.

Maar hoewel ek tevrede is met hierdie gesprekke en die groeiende gees van samewerkende regering sal ek eers tevrede wees wanneer ons **gedesentraliseerde polisiëring, besluitneming en toewysing van hulpbronne** sien na die gebiede wat dit die nodigste het.

**Ons help die mees kwesbares in ons provinsie.**

Terwyl ons alles moet doen om misdaad te bekamp, moet ons ook kyk na die toestande waarin ons inwoners leef. Ons Maatskaplike Ontwikkelingsafdeling is die **hart van ons regering**.

Waar sekere inwoners van die samelewing nie raakgesien of ingesluit word nie, is ons hardwerkende maatskaplike werkers daar om hulle te help. Dit is noodsaaklik dat ons ons kwesbaarste inwoners help om weer op hul voete te kom.

Die provinsiale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling het vroeër vandeesmaand gehelp om die nuut opgeknapte **Horizon Secure-sorgsentrum** hier in Kaapstad amptelik te heropen.

Dit is een van **sewe sulke fasiliteite in die provinsie** wat deur die Departement bestuur word wat jeugdiges bystaan wat in stryd met die gereg was.

Behalwe die vyf nuutgeboude klaskamers, fasiliteite vir beroepsvaardigheidsopleiding en ontspanningsaanbiedinge – onder andere kenmerke – verteenwoordig hierdie sentrum die sorg en responsiwiteit wat ons regering toon vir mense wat hulp nodig het om hul lewens weer op koers te kry.

Die daaglikse realiteit van heeltemal te veel mense in ons provinsie weerspieël dalk nie noodwendig die suksesse van ons regering nie.

Die lewenskostekrisis het te veel huishoudings in 'n wurggreep. Ons skep dalk werk, maar te veel inwoners voel nie die verligting van hierdie ekonomiese geleenthede nie.

Niemand moet honger gaan slaap nie – nooit nie. Deur groei skep ons voedselsekerheid; deur gemeenskappe te bemagtig, kan ons ons gemeenskappe voed.

Ons het van 2019 tot 2023 **48 kleinboere, 172 bestaansprodusente en 3 308 huishoudings** ondersteun met die produksie van voedselbronne soos voedseltuine om voedselproduksie op gemeenskapsvlak 'n hupstoot te gee.

Oor dieselfde tydperk het ons gekookte maaltye aan behoeftiges by **102 gemeenskapsvoeding- en ontwikkelingsentrums en 358** sopkombuise regoor die provinsie gelewer.

By ons skole ontvang meer as **500 000 kwesbare leerders elke jaar** gratis maaltye deur die Skoolvoedingsprogram.

As 'n span het ons reeds ooreengekom dat die ministers van Gesondheid, Onderwys en Maatskaplike Ontwikkeling sal saamwerk om te identifiseer waar daar leemtes in ons uitgebreide voedingskemas is en hoe ons verseker dat ons **vir honger mense gesonde, bekostigbare maaltye kan verskaf**. Ons moet innoverend wees: Ek het byvoorbeeld ons Minister van Onderwys gevra om te kyk na die moontlikheid om leerders wat deel is van ons skoolvoedingskema op 'n Vrydag huis toe te stuur met 'n kospakkie vir die naweek, want so baie van ons leerders kry hul laaste ete op 'n Vrydag en hul volgende ete op 'n Maandagoggend.

**Ons bestuur ons inwoners.**

Terwyl ek vroeër vanjaar in hierdie provinsie rondgereis het, het te veel van ons inwoners met my gepraat oor die swak dienste wat hulle van hul munisipaliteit ontvang het. Daar is baie wat ons as die Wes-Kaapse Regering doen om **munisipaliteite tot verantwoording te roep en hulle te ondersteun** want dit is op plaaslike regeringsvlak dat baie noodsaaklike dienste gelewer word.

Ek het voorheen my frustrasies uitgespreek oor die stadige en lompe proses wat ons deur **Artikel 139 van die Grondwet** moet volg wanneer plaaslike regerings misluk. Ek het veral gepraat oor die ineenstorting wat ek in my **voormalige tuisdorp, Knysna**, sien. Terwyl ek die onafhanklikheid van plaaslike regering diep respekteer, kan ons **nie net ingryp wanneer alles stukkend is nie**. Ek het hierdie kwessie met die nasionale Minister geopper en ek gaan aanhou om die onnodige hindernisse op te hef wat in ons pad staan om die ineenstortende dienslewering te hanteer.

Maar hoewel ek dikwels gefrustreerd is, is ek ook **supertrots op wat ons munisipaliteite doen**. In Maart vanjaar het die resultate van die onafhanklike navorsingsinstituut, Good Governance Africa se 2024-Bestuursprestasie-indeks ("Governance Performance Index"), **bevestig dat baie Wes-Kaapse munisipaliteite verreweg die beste in die land presteer**.

Die indeks het die volgende getoon :

• Kaapstad is die beste presterende metro in Suid-Afrika met hoë standaarde van dienslewering;

• Die top vier distriksmunisipaliteite in Suid-Afrika, in die kategorie met geen Waterdiensowerheid nie, word van bo af op die ranglys geplaas: Kaapse Wynlande, Weskus, Tuinroete en Overberg; en

• Die drie beste plaaslike munisipaliteite in Suid-Afrika is almal van die Wes-Kaap. Swartland (Beste Klein Dorp) is die topmunisipaliteit in die land, gevolg deur Drakenstein (Beste Sekondêre Stad), en Saldanha (Beste Groot Dorp) in die derde plek.

Dit weerspieël die jare se belegging in ons plaaslike regerings en die ondersteuning daarvan om ons inwoners te dien.

**Afsluiting**

Ek kry so 'n gevoel van prestasie en trots wanneer ek sien dat die regering goed gedoen het, en ek glo ons doen dit hier in die Wes-Kaap. Maar terwyl ons 'n hoë standaard gestel het, moet ons nog hoër gaan.

Sedert die verkiesing het ons **Kabinet met Provinsiale Topbestuur** vergader om ons **prioriteite vir hierdie termyn as 'n span** te bepaal. Ek is opgewonde oor hoe die span kyk na die uitdagings wat ons in die gesig staar en hoe ons **verskillende maniere vind om dringende kwessies aan te pak** – veral my kollegas in gesondheid en onderwys kyk na hoe ons in die groeiende behoeftes in hierdie portefeuljes kan voorsien. Die ministers sal nou saam met hul spanne werk en kyk hoe ons daardie programme en beleide in die mediumtermyn-begrotingsbeleidsraamwerk in Oktober en in die 2024/25-begroting volgende Februarie plaas.

Ons spandeer dae, nagte, maande en jare om stelsels en mense in plek te kry sodat ons ons 90 000 onderwysers, verpleegsters, dokters, padspanne en maatskaplike werkers in staat is om vir al die inwoners van die Wes-Kaap te werk, veral die kwesbares wat so sterk op staatsdienste staatmaak.

Ons het al so baie gedoen, **maar ons kan nie bekostig om op ons louere te rus en minder waaksaam wees nie**.

Ons moet harder as ooit tevore werk, met doelgerigtheid en vasberadenheid, om te verseker dat ons provinsie en burgers aanhou sukses behaal.

Ek besef goed dat daar uitdagings voorlê en dat ons krisisse in die gesig staar.

Toe ek vyf jaar gelede die Premier se ampseed afgelê het, het ek **gesweer om die waardigheid van al ons inwoners te handhaaf en te beskerm**. Dit het nie verander nie.

Ek het geloof in ons merkwaardige provinsie en land; want ek het eerstehands gesien wat moontlik is wanneer ons doelgerig en toegewyd werk.

Kom ons **verkwis nie** hierdie oomblik in ons land se geskiedenis nie.

Kom ons wys dat ons **sterk saamstaan** teen ekstremistiese magte van regs en links wat probeer om ons te verdeel en op te tree in die belang van die minderheid, nie die meerderheid, van ons inwoners nie.

Kom ons **werk saam**, met 'n hernieude doel en toewyding in diens van die mense van ons pragtige land en provinsie.